## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE**:
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**VLAK 5 WATERBEPERKINGS \ LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS \ INQUBO 5 UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**:

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester (waarnemend) |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. H Kröhn | : | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. DJ Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administratiewe Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. Z Julius | : | Interne Ouditeur: Assistent |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

AKSIE

**BKN032/11/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Mev. F Ficks van die Departement Sosiale Ontwikkeling, die afgevaardigdes van Mfesane, Me. E Wales, Me. T van Wyk, Mnr. A Fortuin en Me. C Tandy, wat die voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gaan doen.

***

**BKN033/11/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester – ander munisipale verpligtinge
Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**BKN034/11/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN035/11/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 16 NOVEMBER 2017**
**3/3/2/2**
***('n Vervangende bladsy word ter tafel gelê – Bylae A)***

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 16 November 2017 bekragtig word onderhewig aan die onderstaande regstelling:

*7.6.5.3 "requested to repay the total amount which he/she has been overpaid within 30 days from the date on which the debt has been raised or* ***where the amount exceed the provision in 8.2,*** *make appropriate arrangements* ***for consideration by the Municipal Manager, which will be fair to both parties,*** *to recover the relevant amount in instalments over a period not exceeding twelve (12) months".*

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN036/11/2017**
**<u>EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: OOPSTEL VAN MUNISIPALE SWEMBADDENS IN PORTERVILLE EN PIKETBERG: BKN024</u>**
**3/3/2/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste rapporteer oor watter moontlike alternatiewe waterbronne gebruik kan word om munisipale swembaddens se watervlakke aan te vul en meld die onderstaande waterbronne, naamlik:

- Dat Piketberg se swembad word aangevul uit die bron by Mnr. Pieter Fox;
- Dat Porterville se swembad word aangevul uit die Rouwaterdam; en
- Dat die Hoof: Siviele Dienste: Velddrif tans besig is om met die NG Kerk, Velddrif te onderhandel vir 'n bykomende aanvullingsbron.

Raadslid Wessels versoek dat kennisgewingborde opgerig word by elke swembad wat aandui dat die swembaddens nie-gesuiwerde water bevat, aangesien dit opgevul word uit alternatiewe waterbronne.

Die Uitvoerende Onderburgemeester en Raadslid du Plooy versoek dat 'n persverklaring uitgereik word, sodat die publiek betyds ingelig word oor die oopstel van genoemde munisipale swembaddens gedurende Desembermaand.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN037/11/2017**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN038/11/2017**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING: JEUGKAFEE: IMPLEMENTERING VAN JEUGPROGRAMME IN VELDDRIF IN SAMEWERKING MET MFESANE EN DEPARTEMENT VAN SOSIALE ONTWIKKELING</u>**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester gee 'n geleentheid aan die afgevaardigdes om hulself aan die Komitee voor te stel, waarna Me. E Wales breedvoerig agtergrond gee oor hul organisasie se werksaamhede en jeugprogramme wat aangebied word.

Verder word die geleentheid gebied aan Me. T van Wyk en Mnr. A Fortuin om die Komiteelede deur die voorlegging te neem.

Verskeie vrae / insette word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Onderburgemeester meld dat die Jeugkafee in Velddrif 'n veilige plek vir die jongmense skep en wens die span sterkte toe met hul werksaamhede.

Raadsheer van Rooy bedank Mev. F Ficks en die afvaardiging van Mfesane vir die goeie voorlegging.

***(Die Voorsitter reël 'n 5 minute verdaging vanaf 10:25 tot 10:30)***

***(Die Direkteur Finansiële Dienste verlaat die vergadering om 10:25 weens ander munisipale verpligtinge)***

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME AAN DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee en die Raad kennis neem van die vordering wat gemaak is deur Bergrivier Munisipaliteit, Departement Sosiale Ontwikkeling en Mfesane met betrekking tot die Jeugkafee in Velddrif.

***

**BKN039/11/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN040/11/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OORBETALING VAN RAADSLEDE VERGOEDING IN OKTOBER 2017**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan vir bespreking by die Raadsvergadering van Dinsdag 28 November 2017.

***

**BKN041/11/2017**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en rapporteer oor die verskillende damvlakke, waterverliese, waterbesparings binne Bergrivier Munisipaliteit, asook oor die begroting ten opsigte van die waterkrisis in die Wes-Kaap.

Hy meld verder dat loodgieters aangestel is in elke dorp om lekkasies op erwe op te spoor en te herstel.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN042/11/2017**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN043/11/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN044/11/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN045/11/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN046/11/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:20***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***